basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## NOVEMBER 2023

## NASIENRIGLYNE

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 35 bladsye en 2 bylaes.**

| GOEDGEKEUR | GOEDGEKEUR | GOEDGEKEUR |
|---|---|---|
| Interne Moderator | Hoof Eksaminator | Eksterne Moderator |
| Departement van Basiese Onderwys | Departement van Basiese Onderwys | UMALUSI |
| Ina Bruce | Shamala Naidoo | Annelize Hicks |
| 22 November 2023 | 22 November 2023 | 22 November 2023 |
| | | |

Kopiereg voorbehou

## ALGEMENE AANTEKENINGE VIR DIE HOOFNASIENER EN NASIENERS

1. Die doel van assesserings-/eksamenprosesse is nie net om die 'memorisering' van kennis wat onderrig en geleer is te bepaal nie, maar ook om die kompleksiteit van die denkproses wat die kandidaat toepas op die kennis wat uit die geheue herwin is, te bepaal.
2. Die instrument wat gebruik word om hierdie twee komponente te assesseer, is Anderson en Krathwohl se hersiene Bloom se Taksonomie.
   - 6 kognitiewe moeilikheidsvlakke
   - 4 kompleksiteit van denkprosesse
3. Nasieners:
   - Gebruik die eerste dag om die kwaliteit en hoeveelheid bewyse in die nasienriglyne uiteen te sit.
   - Vind algemene definisies en begrippe.
   - Assimileer en standaardiseer die:
     - Verwagte antwoorde op elke vraag
     - Die kognitiewe moeilikheidsvlak vereis van die kandidaat
     - Die tipe denkproses en -kompleksiteit wat van die kandidaat verwag word
     - Aksiewerkwoorde gebruik by elk van die kognitiewe vlakke en die tipes bewyse vereis (feite, konsepte, prosesse en denke)
4. Maak 'n duidelike regmerkie langs die kognitiewe vlak/ denkproses van kompleksiteit/ konsep/ inhoud/ vaardighede/ kennisaspekte wat vereis word wanneer 'n punt toegeken word.
5. Raak aktief betrokke by die antwoord.
6. Verwys na die rubrieke aan die einde van die nasienriglyne om te verseker dat nasien gestandaardiseer bly..
7. Daar moet gedurende die nasienproses etlike konsultasierondtes wees om te verseker dat nasien gestandaardiseer is.
8. Die nasienriglyne kan nie al die antwoorde voorspel nie. Provinsiale nasieners moet dit in ag neem en moet ontvanklik wees met die kandidate se antwoorde
9. Aanvaar ander korrekte, relevante, goed gemotiveerde en gefokusde antwoorde wat die kandidaat se kennis, begrip en toepassing van Dramatiese Kunste-inhoud, -konsepte, -kennis en -vaardighede weerspieël.
10. Sien globaal na.
11. Nasieners moet seker maak dat die kandidate se antwoorde ooreenstem met die KABV-dokument se Breë Onderwerpe en Onderwerpe (konsepte, vaardighede en kennis) en met die spesifieke vraag gevra.
12. As die nasienriglyn nie duidelike riglyne verskaf nie, moet 'n nasiener, met kort kommentaar, aandui waarom punte toegeken moet word of nie

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## STANDAARDISERING VAN NASIEN IN AL DIE PROVINSIES

### Nasien van Opstel- en Antwoordvrae

Die hoofnasiener in elke provinsie moet die paradigma waaruit die vrae en die bygaande nasienriglyne ontwerp en opgestel is, verstaan:

1. **Itemmoeilikheidsgraad (Vraag/ Item):**
   Hoe kompleks/ moeilik is die ontwerp van die werklike vraag/ item self?
2. **Taakmoeilikheidsgraad: (Kandidaat se antwoord)**
   Wat is die kompleksiteit/ moeilikheidsgraad van die kognitiewe vlak en denkproses wat van die kandidaat verwag word?
3. **Stimulusmoeilikheidsgraad (Bron):**
   Hoe kompleks/ moeilik of maklik is dit om die bron toe te pas en te verstaan?
4. **Moeilikheidsgraad van die antwoord wat verwag word:**
   Wat is die hoeveelheid/ aantal (hoeveel) en gehalte/ kwaliteit (hoe goed) van die verwagte antwoord wat van die kandidaat vereis word, soos in die nasienriglyne gegee?
   Is dit in lyn met die item, taak en stimulus?
   Is die punte toepaslik toegeken en geweeg?

– Leong: 2002

Wanneer nasieners aan die begin van die nasienproses opgelei word moet die hoofnasiener in elke provinsie die volgende prosedure volg:

- Maak seker daar is standaardisering van die puntetoekenning van kandidate se opstelle en antwoorde vir elke deel van die eksamen
- Standaardiseer nasionale nasienprosedures, prosesse en uitslae
- Volg die volgende prosedure:
  *Die item (vraag) en taak (nasienriglyne):*
  - Lees die item en bepaal die vlak van kompleksiteit en moeilikheidsgraad van die ontwerp van die vraag: lae, middel of hoë vlak
  - Lees die taak (nasienriglyne) en bepaal watter inhoud van die kandidaat vereis word om die vraag te antwoord. Som die inhoud op.
  - Deel antwoordplanne en som verwagtinge oor leerderantwoorde op. Deel nie net die hoeveelheid bewyse nie, maar ook die gehalte (hoe goed) van die bewyse.

  *Fasilitering van en opleiding van die nasiener m.b.t. die nasienriglyne en die rubrieke*
  - Hersien die rubriek met betrekking tot die item en die taak
  - Hersien die prosedures vir die toeken van holistiese punte (d.i. deur bewyse van die antwoord by die taal van die rubriek te pas en alle eienskappe ewe veel te laat weeg)

  *Oefen om individueel na te sien*
  - Sien 'n stel opleidingskrifte na. Nasieners moet die skrifte onafhanklik nasien.

Die hoofnasiener/ interne moderator moet die nasieners se punte aanteken en die bespreking lei. (Opleidingskrifte moet punte en kommentaar bevat.)

...TMENT OF BASIC EDUCATION
...VATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 2 2
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING A: 20$^{ste}$-EEUSE TEATERBEWEGINGS

### VRAAG 1

**Die kandidaat moet:**
- Hierdie vraag in die vorm van 'n opstel beantwoord
- Na die toneelstuk wat bestudeer is, verwys, bv. karakters en temas
- Na enige EEN van drie teaterbewegings as die konteks verwys:
    - Teater van die Absurde OF
    - Epiese Teater OF
    - Postmoderne Teater
- Na die bronmateriaal in die antwoord verwys
- Na die vraag in hulle antwoord verwys
- Toon dat die vraag en bron in die opstel verstaan, ontleed, toegepas, geëvalueer en geïntegreer is
- Kontekstualiseer kennis wat gememoriseer is in 'n oorspronklike dokument wat feitelike, konseptuele, prosedurele en metakognitiewe denke vertoon

**Nasieners moet die volgende in ag neem:**
- Kandidate moet toon dat die bogenoemde verstaan, krities ontleed en in hulle opstel toegepas is.
- Die rubriek is 'n riglyn vir die nasiener om die volgende te assesseer:
    - Kognitiewe vlakke (onthou, verstaan, toepas, ontleed, evalueer en skep)
    - Kompleksiteit van denke deur die kandidaat getoon (feitelik, konseptueel, prosedureel, metakognitief)
- Neem alle vlakke, elemente en instruksies van die vraag in ag wanneer die opstel nagesien word.
- Om 'n regverdige, geldige en betroubare punt toe te ken, moet nasieners vaardig wees in die betekenis en toepassing van Anderson en Krathworth se aangepaste Bloom se Taksonomie, asook die ontwerp, doel, gebruik en toepassing van 'n rubriek se:
    - Kriteria
    - Vlakbeskrywers
    - Woordbeskrywers
    - Aksiewerkwoorde
    - Kognitiewe vlakke
    - Denkprosesse
- Nasieners moet streng opgelei word oor hoe om al ses kognitiewe vlakke asook die vier denkprosesse te identifiseer, gebruik en toe te pas om die kandidate se prestasievlakke te meet.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| BESKRYWER | PUNTE | DIE KANDIDAAT SE ANTWOORD TOON 'N VERMOË OM: |
|---|---|---|
| Uitstaande<br>Metakognitiewe<br>Skep | 27–30<br>90–100%<br>A+ | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Skep, ontdek, vernuwe, verander op 'n uitstaande wyse met metakognitiewe denke oor die inhoud<br>• **Argument:**<br>Skep 'n nuwe, unieke en gedifferensieerde argument wat refleksiewe, kreatiewe, kritiese en analitiese denke op 'n uitstaande vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Gebruik en kontekstualiseer uitstaande bykomende bronne uit die toneelteks en die teaterbeweging op 'n uitstaande wyse. Voorbeelde kom uit die toneelteks en die teaterbeweging binne 'n omvattende reeks insiggewend gekose inhoud |
| Uitstekend<br>Metakognitiewe<br>Evalueer | 24–26<br>80–89%<br>A | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Beoordeel, lewer kritiek en evalueer op 'n uitstekende manner met metakognitiewe denke oor die inhoud<br>• **Argument:**<br>Stel 'n argument volgens 'n interessante patroon wat bewyse toon van refleksiewe, kritiese en analitiese denke op 'n uitstekende vlak<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Gebruik en kontekstualiseer uitstaande bykomende bronne uit die toneelteks en die teaterbeweging op 'n uitstekende wyse. Voorbeelde kom uit die toneelteks, die teaterbeweging binne 'n omvattende reeks toepaslik gekose inhoud |
| Verdienstelik<br>Prosedureel<br>Ontleed | 21–23<br>70–79%<br>B | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Maak gevolgtrekkings, dekonstrueer konsepte, ontdek op 'n verdienstelike wyse; met prosedurele denke oor die inhoud<br>• **Argument:**<br>Stel 'n argument wat kritiese en analitiese denke op 'n verdienstelike vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Gebruik en kontekstualiseer voorbeelde uit die toneelteks, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n omvattende reeks toepaslik gekose inhoud |
| Wesenlik<br>Prosedureel<br>Toepas | 18–20<br>60–69%<br>C | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Pas toe, konstrueer, integreer op 'n wesenlike vlak met prosedurele denke oor die inhoud<br>• **Argument:**<br>Stel 'n argument wat kritiese en analitiese denke op 'n wesenlike vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Integreer voorbeelde uit die toneelteks, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n wesenlike reeks gekose inhoud |
| Voldoende<br>Konseptueel<br>Begrip | 15–17<br>50–59%<br>D | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Interpreteer, illustreer, klassifiseer op 'n voldoende vlak; met konseptuele denke oor inhoud<br>• **Argument:**<br>Stel 'n argument wat begrip en konseptualisering van kennis op 'n voldoende vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Verskaf voldoende voorbeelde uit die toneelteks binne 'n algemene reeks voorspelbare inhoud |
| Gemiddeld<br>Konseptueel<br>Begrip | 12–14<br>40–49%<br>E | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Verduidelik op 'n gemiddelde vlak; met konseptuele denke oor inhoud<br>• **Argument:**<br>Stel 'n argument wat 'n verduideliking en denke op 'n gemiddelde vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Gebruik 'n paar voorbeelde uit die toneelteks, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n beperkte en gemiddelde reeks inhoud |
| Elementêr<br>Feitlik<br>Onthou | 10–11<br>30–39<br>F | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Identifiseer, noem, definieer op 'n elementêre vlak; met feitelike denke oor die inhoud<br>• **Argument:**<br>Skryf 'n opstel wat denke op 'n elementêre vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Kies slegs 'n paar voorbeelde uit die toneelteks, die teaterbeweging of ander bykomende bronne |
| Nie Behaal Nie<br>Feitlik<br>Onthou | 1–9<br>20–29%<br>G | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Op 'n beperkte vlak identifiseer, noem; met beperkte feitelike denke oor inhoud<br>• **Argument:**<br>Skryf feite op 'n voorspelbare beperkte vlak<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Verskaf idees of inligting, maar op 'n beperkte vlak |
| Nie Behaal Nie | 0<br>0–19%<br>H | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Baie min of geen inligting nie. Kan nie gedagtes in woorde uitdruk nie.<br>• **Argument:**<br>Onvermoë om 'n opstel saam te stel; te identifiseer, noem, in verband te bring en om genoeg feite te verskaf<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Geen bewyse van enige feitelike kennis nie |

**TOTAL AFDELING A: 30**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE

## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Die kandidaat moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.

### VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

2.1 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis van die karakters toon.

Ken volpunte toe vir:
- Enige TWEE korrekte name

- **Die karakters is:**
- Percy en Mbongeni (as die akteurs wat die werkswinkel proses skep)
- Zuluboy en Bobbejaan (Hierdie karakters het nog nie spesifieke name op hierdie oomblik in die teks nie, maar later in die teks word hulle wel gesien as Zuluboy en Bobbejaan)
- Gevangenes/ oortreders (die karakters wat Percy/ Mbogeni OF Zuluboy/ Bobbejaan speel) (2)

2.2 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis en begrip toon van hoe die stemming deur die akteurs geskep word.

Die volgende is 'n riglyn:
Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

**Die stemming word geskep deur:**
- Gesigsuitdrukkings wat belangstelling toon in die bespreking waarmee hulle besig is. Die bespreking is gefokus op die Bybel en koerant (gesien in BRON D) en dit beklemtoon die erns van die bespreking
- Gebare kan as dreigend beskou word, bv. vinger wys om punt te maak
- Lyftaal wat voorstel dat hulle besig is met 'n bespreking/ debat waar een karakter 'n punt maak en die ander een daarop reageer (4)

2.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip van die dekorstel toon.

Ken volpunte toe vir:
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die dekorstel:**
- Bevat twee teekiste/ bokse en 'n klerereling met 'n paar kostuums/ rekwisiete wat daarop hang
- Is minimalisties en multifunksioneel, bv. 'n boks of krat kan 'n helikopter, trein, lorrie, ens. word
- Voldoen aan die beginsels van Arm/ Gestroopte Teater, bv. net die minimum dekorstelitems/ rekwisiete word op die verhoog geplaas
- Is relatief leeg en oop. Die akteurs kan meer verhoogareas kreatief gebruik (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE

2.4 Naieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en toepassing van verhoogproduksie toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die dekorstel is 'n geskikte omgewing vir die opvoer van 'n toneelstuk omdat dit:**
- Leeg is, wat vrye en maklike beweging van karakters toelaat
- 'n Minimale hoeveelheid rekwisiete en meubels bevat wat help met die vloei van beweging
- Geen kamers/ mure het nie so akteurs het toegang tot die hele verhoog wat onbeperkte beweging toelaat
- Vrye vloei van beweging en interaksie tussen die akteurs en die gehoor toelaat
- Die verhoogruimte met elke nuwe toneel verander. Dit skep 'n stimulerende opvoering vir die gehoor
- 'n Paar dekorstelitems en rekwisiete bevat wat dit moontlik maak om sonder veel moeite die produksie op ander plekke op te voer
- Veelsydig is
- 'n Multifunksionele dekorstel met rekwisiete is
- Die gehoor se verbeelding stimuleer
- Verskeie vlakke, hoogtes, vorms kan skep om kreatiewe verhoogplasing te bereik
- Aangesien die akteurs nie altyd toegang tot teaters en toerusting gehad het nie mag hulle na die sosio-politiese omgewing verwys (4)

2.5 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en toepassing van Arm/ Gestroopte Teatertegnieke toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Kostuums:**
- Is nie oordadig nie maar neutraal
- Is prakties/ funksioneel
- Is eenvoudig
- Is minimalisties
- Bestaan uit sweetpakbroeke en hardloopskoene/ tekkies
- Een item kan baie keer gebruik word, bv. 'n lap wat as Aunty Dudu se tjalie of die haarkapper se voorskoot gebruik kan word
- Maak beweging makliker en laat groter vryheid van fisiese beweging toe
- Plaas die fokus op die opvoering/ akteur (4)

...TMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 2 2
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

2.6 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en toepassing van vokale en/ of fisiese vaardighede in die uitbeeld van 'n karakter en die herskepping van 'n hele wêreld op die verhoog toon.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Vokale Vaardighede**
**Die akteurs kan:**
- Die eienskappe van spraak, soos volume, toonhoogte, pas, klem intonasie, klanklandskappe en ideofone gebruik om uit te beeld en oor te dra hoe die akteurs die klank van musikale instrumente met hulle stemme skep
- Die stemming en emosies van die karakters uitdruk
- Die karakters se eienskappe, persoonlikhede, gewoontes, gedrag en ingesteldheid beklemtoon wat deur die stemtoon, volume, ens. weerspieël sal word
- Die jazzorkes-klanke van verskillende musiekinstrumente skep, bv. deur die skep van ritmiese maatslae vir die bongotrom en diep resonansie vir die saksofoon
- Aksente verander en outoritêre (baasspelerige) taal gebruik om in die polisieman te verander

**EN/ OF**

**Fisiese Vaardighede**
**Die akteurs kan:**
- Hulle fisiese vaardighede, soos beweging, gebare, gesigsuitdrukking, gewig, postuur, energie, mimiek, fisiese teater, liggaamsposisionering, karakterisering en transformasie gebruik om uit te beeld en te kommunikeer
- Stemming en emosies uitdruk deur die gebruik van houding en gesigsuitdrukking
- Die karaktertrekke, persoonlikhede, gewoontes, gedrag en houdings beklemtoon
- Die klanke van musiekinstrumente skep asook die speel (deur mimiek) van die instrumente, selfs 'n jazzorkes skep
- Van een karakter na 'n ander verander voor die gehoor (6)

2.7 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en toepassing van die werkswinkelproses van 'n toneelstuk toon.

Ken volpunte toe vir:
- Ses aparte gedagtes/ idees

Indien ‘n kandidaat net die stappe noem mag ‘n maksimum van slegs drie punte toegeken word

Die volgende is 'n riglyn:
**Die werkswinkelproses bestaan uit:**
- **'n Kollektiewe idee:**
  Die idee van wat kan gebeur as Morena na 'n apartheid Suid-Afrika terugkeer, is gedinkskrum

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

- **Navorsing en waarneming:**
  Onderhoude is met mense van Soweto gevoer, bv. by Dube-stasie, in die markte, 'n haarkapper wat in die ope lug werk, ens. Die skeppers is ook deur Grotowski se Arm/ Gestroopte Teater beïnvloed
- **Improvisasie:**
  Die skeppers het met verskeie idees en opvoerwyses begin eksperimenteer. Hulle het die karakters en situasies wat hulle in hulle navorsing en waarneming teëgekom het, geïmproviseer
- **Redigering/ Seleksie:**
  Die groep redigeer/ selekteer en raak ontslae van gedeeltes van die werkswinkel tonele om die toneelstuk te skep
- **Repetisie:**
  Die skeppers repeteer en verskerp die optrede
- **Optrede/ opvoering en Opname:**
  Die finale idees word as 'n toneelstuk opgevoer en die toneelstuk word neergeskryf/ op video opgeneem (6)

2.8 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien in te lig

Nasieners aanvaar antwoorde wat die temas wat die 'Suid-Afrikaanse menslike toestand tydens apartheid' identifiseer en evalueer.
Aanvaar antwoorde as die kandidaat se punte 2.7 in hierdie vraag se konteks herhaal is. Sien holisties na.

Ken volpunte toe vir:
- Kandidate moet drie of meer goed gemotiveerde temas bespreek om volpunte te kry

Die volgende is 'n riglyn:
- **Die evaluering en identifikasie van Percy en Mbongeni ( as die akteurs wat die werkswinkel proses skep)**
  **Die temas moet 'n bespreking van die volgende insluit:**

- **Rassisme:**
  Swart mense is verplig om te alle tye 'n pasboek of 'dompas' by hulle te hê. Indien hulle dit nie gehad het nie, kon dit lei tot tronkstraf deur die apartheidpolisie. Morena is vertel van die paswette en hoe swart mense se bewegings beperk is. Die haarstilis kon nie 'n salon besit vir sy besigheid nie.
- **Onderwys:**
  Die apartheidsregering het nie genoeg skole of onderwysers vir swart mense verskaf nie. Die geboue en salarisse was nie genoeg om doeltreffende onderwys te verskaf nie. As swart leerders en onderwysers wel skool toe gegaan het, is hulle gedwing om in 'n taal te leer wat nie hulle moedertaal was nie. Hulle is ook gedwing om te leer oor kulture wat nie hulle eie is nie. Dit het daartoe gelei dat onderrigbeginsels en -konsepte nie verstaan is nie en dat dit nie relevant vir swart mense en hulle kulture was nie. Swart leerders is geforseer om die onderrigtaal van Afrikaans te aanvaar en nie moedertaal onderrig nie.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE

Die gevolg was dat 'n gebrek aan onderrig, of onderrig in 'n vreemde taal tot 'n gebrek aan relevante onderwys gelei het

- **Gedwonge verskuiwings:**
  Die apartheidsregering het swart mense verbied om na sekere gebiede te gaan en hulle kon net in gebiede woon wat deur die regering goedgekeur is. Vryheid om te loop, reis en woon waar hulle wou, is nie aan swart mense toegestaan nie.
- **Polisiewreedheid:**
  Die apartheidsregering het wrede wette geskryf en toegepas. Die behandeling van swart mense deur die polisiemagte was onmenslik. Die polisie het mense ondervra, geslaan, gearresteer, aangehou en gemartel.
  Die musikant was in die moeilikheid by die polisieman omdat hy nie sy dompas gehad het nie. Die staat se veiligheidsmagte het dikwels swart mense tydens protesoptogte geskiet en doodgemaak. Baie swart mense is gedurende tronkstraf en ondervraging doodgemartel.
- **Onregverdige/ Swak werkstoestande:**
  Werkers by Coronation brick yard het lang ure vir baie min betaling/ klein lone gewerk. Hulle het handearbeid verrig. Daar is van hulle verwag om tienduisend stene per dag te vervaardig
- **Armoede:**
  Swart mense is nie toegelaat om hulle eie besighede te hê of te bestuur nie. Hulle is geforseer om vir wit mense te werk Hulle is swak betaal en kon net as knegte/ bediendes werk. Met die groot aantal werklose mense en die swak salarisse was daar diepe en pynlike armoede. Aunty Dudu het gewens dat meer wit mense partytjies hou sodat sy meer oorskiet in hulle asblikke kon vind.

(10)
**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

3.1 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis van die karakters toon.

Ken volpunte toe vir:
- Enige TWEE korrekte name

**Karakters sluit in :**
- Mamariti
- Princess
- Lulu
- Ruth

(2)

3.2 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis en begrip toon van hoe stemming deur postuur en lyftaal geskep word.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn.
**Die stemming is geskep deur:**
- Die karakters wat vrolik dans
- Die karakters wat vrolike en ontspanne emosies en liggame uitbeeld
- 'n Vrolike ontmoeting tussen die karakters in die foto
- Hoë energie en feesviering op hulle gesigte, in hulle liggame en emosies
- Al die karakters wat vrolik is
- Die karakters wat sing

(4)

3.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis van die dekorstel toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stelling OR
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die dekorstel sluit in:**
**'n Agterdoek van plakkate en slagspreuke:**
- Dis 'n Brechtiaanse tegniek wat die gebeurtenisse wat in die toneelstuk uitgebeeld word, bv. die gedwonge verskuiwings van die inwoners van Sophiatown en hulle weerstand om te gaan beklemtoon en uitlig met die slagspreuk 'We Won't Move' ('Ons Sal Nie Trek Nie') en die banier van die *Drum*-tydskrif, wat daardie tyd gewild was. (Baniere en slagspreuke is deur Brecht gebruik om die boodskappe van die toneelstuk te beklemtoon)

**'n Kamer in Mamariti se Diamond Shebeen in haar huis in Sophiatown**
- Beeld die tipe kamer, meubels en ontwerp van 'n tipiese township-huis uit
- Trek die gehoor by die wêreld van Sophiatown in die 1950's in

**Jakes se ruimte**
- Bevat 'n tafel en 'n tikmasjien

(4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.4 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en toepassing van verhoogproduksie toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die dekorstel is 'n geskikte omgewing vir 'n opvoering van die toneelstuk omdat:**
- Dit nie so vol meubels en rekwisiete as wat die stel normaalweg in Realisme in die Teater sou h nie. Dit help met die energieke vloei van beweging van die karakters/akteurs
- Dit bevat slegs funksionele/ bruikbare meubels. Akteurs het toegang tot die hele verhoog wat beweging toelaat. Hulle kan ook maklik rondom en tussen die meubels beweeg
- Daar geen verdelings (mure) tussen die kamers is nie, wat akteurs toelaat om vrylik te beweeg
- Daar verskillende opvoer-areas vir elke karakter se persoonlike ruimte is
- Die woonarea is beknop
- Daar is genoegsame oop areas vir die aksie en dans (4)

3.5 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis en begrip van die geskiedkundige tydperk van Sophiatown toon asook die gebruik van kostuums.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Kostuums:**
- Is alledaagse klere van die tydperk in die gekiedenis
- Definieer elke karakter, bv. Lulu is 'n jong, skoolgaande dogter, sy dra dus 'n skooluniform
- Is vir elke karakter geskik, bv. Mingus lyk altyd elegant want hy boots die modestyl van die sterre (akteurs) wat hy in die fliek sien, na. Hy is die leier van die American Gang, wat dit verpligtend vir hom maak om goed aangetrek te wees
- Weerspieël die historiese tydperk van die toneelstuk wat die 50's is (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.6 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis van die toneelstuk en vrouekarakters toon.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die vrouekarakters vind 'n manier om te oorleef in Sophiatown:**
**Mamariti:**
- Besit die Diamond Shebeen onwettig
- Brou alkohol om meer inkomste te verkry
- Stuur Ruth om drank vir haar in die stad te gaan koop. Swart mense is nie toegelaat om drank te koop nie en hulle is tot sekere dele van die stad beperk
- Is ook 'n huiseienaar wat haar huis vir 'n ekstra inkomste uitverhuur
- Deel haar kamer met Ruth wat goeie huur betaal

**Princess:**
- Laat haarself deur haar kêrel, Mingus, misbruik want hy verskaf 'n woonplek vir haar en bring vir haar geskenke. Sy voel sy skuld hom iets.
- Los Mingus uiteindelik wanneer sy 'n model word en met die wit fotograaf wegloop

**Lulu:**
- Gaan skool, maar verlaat uiteindelik die skool omdat sy voel dat die minderwaardige onderrig wat sy kry haar nie gaan help om haar aspirasies te bereik nie
- Vra Ruth om haar met haar skoolwerk te help sodat sy kan verbeter
- Is afhanklik van haar broer, Mingus, en haar ma vir beskerming, kos en 'n huis om in te bly

**Ruth**
- Sy is nuuskierig oor hoe ander mense leef in Suid-Afrika en besluit om 'n kamer te huur in Sophiatown
- Sy word deur Fafi en Jakes geleer hoe om te oorleef in Suid-Afrika
- Sy onderrig Lulu
- Sy leer tsotsi taal
- Sy koop alkohol vir Mamariti (6)

3.7 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en analise van 'n Township-musiekblyspel toon. Aanvaar antwoorde as die kandidaat se punte in 3.7 in hierdie vraag se konteks herhaal is.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
  Vier aparte gedagtes/ idees

**'n Township-musiekblyspel:**
- Gebruik stereotipiese karakters
- Sluit sang en dans in wat met die narratief verweef is
- Hanteer sosiopolitieke kwessies
- Weerspieël die lewens en situasies waarvoor mense in townships staan
- Dis toeganklik vir township-inwoners omdat die taal geselstaal (alledaagse taal) was
- Dis Protesteater met 'n element van vermaak (6)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22

3.8 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

Nasieners aanvaar antwoorde wat temas soos in die uittreksel getoon, identifiseer en evalueer.

Ken volpunte toe vir:
- Drie of meer goed gemotiveerde temas

Die volgende is 'n riglyn:
**Die evaluering van die temas moet 'n bespreking van DRIE van die volgende insluit:**
**Familie:**
- Mamariti is Mingus en Lulu se ma
- Almal wat in Mamariti se huis woon, word 'familie', bv. Jakes en Ruth
- Behoort aan 'n familie word uitgelig in die krag van die gemeenskap wat saamstaan, bv. die Americans Gang gelei deur Mingus

**Identiteit :**
- Die skeppers van *Sophiatown*, The Junction Avenue Theatre Company, wou die geskiedenis van die plek en die gemeenskap van Sophiatown vertel
- Die toneelstuk gee 'n stem aan die stemloses. Die stemloses is alle mense wat in Sophiatown gewoon het en met dwang verskuif is
- 'n Stem word ook aan die kuns gegee wat vernietig is, die danse, liedjies, visuele kuns en skrywes deur joernaliste en dramaturge

**Kulturele diversiteit:**
- Sophiatown, die plek, was 'n lewendige, multikulturele en veelrassige area
- Die gemeenskap van mense het verskille aanvaar en diversiteit gevier
- Charlie vind skielik dat hy gedwing word om te aanvaar dat hy nie van dieselfde ras as Mingus is nie. Charlie is 'n Kleurling/ Bruinmens

**Ras en konflik:**
- Die apartheidsregeringswette het voorgeskryf dat sekere leefareas vernietig moes word.
- Die geïdentifiseerde areas vir vernietiging het aan Swarte mense, Kleurlinge en Indiërs behoort. Stootskrapers het aangekom en alle geboue, kerke en huise vernietig
- Mense is met dwang uit hulle huise verwyder en op trokke gelaai om in areas wat deur die regering gekies is, afgelaai te word
- Die meeste van hierdie areas het geen infrastruktuur gehad nie, was ver van stede en het geen omgewingsrykdom of voordele gehad nie
- Hierdie wreedheid het opgebreekte huise, ongekende smart, vrees en trauma vir die mense wat in Sophiatown gewoon het, veroorsaak
- Daar was 'n beplande optog deur die mense om die gedwonge verskuiwings teen te staan
- Die optog het egter nie plaasgevind nie want die regering het die polisiemagte en stootskrapers drie dae vroeër as die datum oorgedra aan die mense, gestuur

(10)
**[40]**

**VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis van die karakters toon.

Ken volpunte toe vir:
- Die twee korrekte name

Beide karakters mag aanvaar word want albei het kontak met Tjokkie

Karakters are:
- Tjokkie
- Fé
- Tiemie (2)

4.2 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis en begrip toon van hoe stemming deur postuur en lyftaal geskep word.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die stemming word geskep deur:**
- Tjokkie wat op 'n onwelkome manier teenoor Fé/ Tiemie sit. Dit toon sy ongeïnteresseerde houding teenoor haar
- Beide karakters handhaaf 'n fisiese en emosionele afstand tussen hulle
- Beide karakters se lyftaal stel voor daar is geen konneksie tussen hulle nie
- Fé/ Tiemie se gevoude arms dui aan sy is ongelukkig
- Fé/ Tiemie se gesigsuitdrukking dui aan sy is ongelukkig (4)

4.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis van die dekorstel van die toneelstuk toon.

Ken volpunte toe vir:
- Vier aparte gedagtes/ idees OF
- As die stel in die teks beskryf word

Die volgende is 'n riglyn:
**Die dekorstel:**
- Is die agterplaas van 'n tipiese voorstedelike huis
- Toon 'n motorhuis waar die Buick herstel word
- Bevat hoenderhokke/ stoorarea vir hout en kool
- Bevat 'n wasgoeddraad met wasgoed wat daaraan hang
- Het 'n stoep met 'n agterdeur
- Is 'n boksstel (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.4 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en toepassing van gepastheid van die verhoogstel vir die produksie toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die dekorstel is 'n geskikte omgewing vir 'n opvoering van die toneelstuk omdat:**
**Die graffiti:**
- Beklemtoon die lae klas van die mense wat in die voorstede woon
- Is visueel vol impak want dit is nie 'n kaal, gewone muur nie.dit verskaf slagspreuke, kleure en sketse

**Die dekorstel:**
- Is 'n realistiese afbeelding van die agterplaas van 'n laeklas-skakelhuis in die 1970's
- Gee Tjokkie genoeg ruimte om aan die motor te werk
- Het 'n huis met 'n agterdeur en stoep
- Het 'n oop kommunale area tussen die huis en die motorhuis wat 'n ruimte skep vir die meeste van die handelinge (4)

4.5 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en analise van die gepastheid van die kostuums toon. Sien holisties na.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Kostuums:**
- Is nie oordadig nie. Dit stel die lae sosio-ekonomiese status van die werkersklas-karakters voor
- Definieer elke karakter se lewensomstandighede en werk, bv. Tjokkie dra ou klere wat met olie en ghries gevlek is omdat hy 'n motor herstel
- Is vir elke karakter geskik, bv. Fé probeer Tjokkie se aandag trek en wil vir hom aantreklik lyk. Sy dra 'n styfpassende bloes en broek
- Kostuums mag ook nie gepas wees nie omdat die bron 'n interpretasie is van 'n meer moderne era (4)

4.6 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis van die relevante genre/ styl toon.

Ken volpunte toe vir korrekte antwoord.

Realisme in die Teater/ Realisme (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.7 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat begrip en kennis van die elemente van Realisme in die toneelstuk toon.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die genre/ styl/ beginsels van Realisme in die Teater/ Realisme word weerspieël in:**

**Die akteurs, wat:**
- Deur die gebruik van die gesproke woord, hulle liggame, stemme en karakterisering, die illusie van die werklikheid van die alledaagse lewe skep
- Die dekorstel gebruik as 'n realistiese omgewing vir die handeling deur 'n geloofwaardige wêreld te skep, met die gebruik van 'n werklike motor en werklike meganiese toerusting op die verhoog
- Die wasgoeddraad gebruik om regte klere op te hang om te toon dat mense daar woon
- Die agterdeur gebruik om hulle in staat te stel om op die verhoog te kom en die verhoog te verlaat
- Die motorhuis met die motor en regte meganiese toerusting gebruik om aan die motor te werk
- Die hek gebruik wat hulle in staat stel om op die verhoog te kom en dit te verlaat en die illusie van na 'n regte straat gaan, skep (6)

4.8 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat begrip, kennis en toepassing toon van hoe die karakters 'n manier vind om te oorleef.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die vroulike akteurs kan 'n manier vind om te oorleef deur:**
**Ma:**
- Aan haar drome van 'n huwelik en 'n gelukkige lewe vas te klou
- Lewe van die pensioen van haar gewese man
- Glo en hoop dat sy 'n goeie ma is

**Tiemie:**
- Streef daarna om uit die voorstede te ontsnap
- Glo dat sy in die wêreld van die Dandies sal leef
- Hoop om aan die armoede en laeklas-bestaan te ontsnap
- Hoop om aan haar verhouding met Jakes, waar hy haar mishandel, te ontsnap

**Fé:**
- Droom van 'n liefdevolle verhouding met Tjokkie
- Volg die tradisionele, godsdienstige, tradisionele waardes waaruit die leefstyl van die suburbs bestaan (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 2 2
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.9 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

Nasieners aanvaar antwoorde wat die temas van vryheid, drome en hoop identifiseer en evalueer.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde temas

Die volgende is 'n riglyn:
**Die temas wat deur die karakters en hulle situasies uitgebeeld word: Vryheid, drome en hoop:**

- Tiemie droom daarvan om by die wêreld van die Dandies in te pas en deel daarvan te word om vir haar 'n lewe, onafhanklik van Ma en Jakes, te maak
- Tiemie hoop om 'n huis in een van die ryk woonbuurte waar die 'dandies' woon, te bekom
- Tiemie wil aan die armoede in haar huidige woonbuurt en huis ontsnap
- Tiemie droom daarvan om vry te wees van haar verhouding met Jakes want hy mishandel haar
- Sy wil liefde en respek hê
- As Giel sy weddenskap op die perde wen, glo hy dat hy ryk sal wees
- Met geld kan Giel vir Ma los en op sy eie woon
- Tjokkie hoop om op te hou om die 'toekoms te sien'. Hy kan dan 'n normale lewe lei
- Tjokkie droom daarvan om 'n goeie werk te vind
- Fé hoop sy vind liefde by Tjokkie
- Jakes hoop om 'n 'laaitie' van sy eie te hê. Hy wil 'n gesin hê
- Jakes droom van 'n meisie met klas. Hy glo dit sal sy status verhoog
- Ma droom daarvan om 'n goeie ma vir Tiemie en Tjokkie te wees (10)

**[40]**

...TMENT OF BASIC EDUCATION
...ATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994–KONTEMPORÊR

### VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

5.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis van die verhoogtipe van Realisme in die Teater, identifiseer.

Ken volpunte toe vir EEN korrekte antwoord.

**Die verhoog is:**
- 'n Prosceniumboog-verhoog
- 'n Prentjieraam-verhoog (2)

5.2 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis van die Realisme in Teater- dekorstel vir hierdie produksie identifiseer

Die volgende is 'n riglyn:

**Die dekorstel:**
- 'n Presiese replika van 'n regte township-huis
- 'n Boksstel
- Relevante meubels en rekwisiete (2)

5.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis toon van die toneelteks en Realisme in die Teater

Ken volpunte toe vir:
- Ses rekwisiete/ meubelstukke genoem

Die volgende is 'n riglyn:
**Meubels en rekwisiete kan insluit:**
- 'n Boekrak
- 'n Kombuistafel
- Stoele
- 'n Koffietafel
- Banke
- Prente en fotos teen die mure en sytafeltjies
- 'n Vaas
- Kralegordyne
- 'n Landlyntelefoon
- 'n Ketel (6)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 2 2
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

5.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en toepassing toon van die toneelstuk asook die blok/ verhoogplasing, tegniese elemente en akteur-gehoor-verhouding.

Ken volpunte toe vir:
Slegs indien die kandidaat al drie aspekte van die vraag beantwoord het
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Blok/ verhoogplasing:**
- Sipho kom verhooglinks in (byvoorbeeld)
- Hy loop verhoog regs toe (byvoorbeeld)
- Sipho gaan kombuistoe en skakel die ketel aan
- Hy stap na die sitkamer. Hy is ontsteld en loop op en af

**Tegniese elemente:**
- Die ouditoriumligte verflou en ligte gaan aan op die dekorstel om die omgewing van die toneelstuk te verteenwoordig
- Die klank van seemeeue wat raas kan in die verte gehoor word
- Die klank van die ketel wat kook word gehoor

**Akteur-gehoor-verhouding:**
- As die ouditoriumligte verdoof, word die gehoor by die wêreld van die toneelstuk ingetrek
- Die vierde muur raam/ stig die omgewing/ plasing van die toneelstuk (6)

5.5 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat begrip, analise en evaluering van elke vroulike karakter toon.

Ken volpunte toe vir:
- Vier goed-gemotiveerde stellings/ idees
- Agt aparte gedagtes/ idees

Beide karakters moet bespreek word om volpunte te behaal

Die volgende is 'n riglyn:
**Naam:**
- Thando

**Familieagtergrond:**
- Sy is Sipho se dogter

**Persoonlikheid:**
- Sy is baie tradisioneel
- Sy is aan haar vader gehoorsaam
- Sy is teruggetrokke en bedees
- Sy trek konserwatief aan

**Verhouding t.o.v. Mandisa:**
- Sy is Mandisa se suster of niggie (nasieners moet een van die twee aanvaar)
- Thando se siening van rou, die WVK en ander kwessies verskil van Mandisa se siening

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Naam:**
- Mandisa

**Familieagtergrond:**
- Sy is Themba se dogter, (Sipho se broer en Thelma)
- Sy woon in Londen

**Persoonlikheid:**
- As 'n modeontwerper is sy modern in haar opvattings
- Sy is uitgesproke en staan teen Sipho op
- Sy is liberaal en haar kulturele waardes en sienings is op haar moderne, Westerse opvoeding in Londen gebaseer
- Sy trek modieus aan omdat sy 'n modeontwerper is

**Verhouding t.o.v. Thando:**
- Sy is Thando se suster of niggie (nasieners moet een van die twee aanvaar)
- Mandisa se siening van rou, die WVK en ander kwessies verskil van Thando se siening (8)

5.6 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en toepassing van die funksie van die verhoogbestuurder, verhoogpersoneel en die tegniese personeel toon. Sien holisties na.

Ken volpunte toe vir:
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Verhoogbestuurder:**
- Koordineer die tegniese span
- Oorsien die produksie wanneer die vertoning begin
- Bestuur die produksie sodra die regisseur se verantwoordelikhede voltooi is
- Organiseer die gladde verloop van die opvoering
- Bestuur die inkom en uigang van karakters
- Koördineer alle agterverhoogaktiwiteite
- Kommunikeer met die regisseur
- Hou kontaknommers van die geselskap en die personeel

**Verhoogpersoneel:**
- Bou en plaas dekorstelle en takel verhoog af
- Verhooghulp
- Berei verhoog vir elke toneel voor
- Maak seker alle vereiste rekwisiete is beskikbaar
- Maak skoon/ mop/ vee die verhoog na elke vertoning

**Tegniese span:**
- Verdoof ouditoriumligte
- Is verantwoordelik vir alle beligting, ontwerp, stel van ligte, verhoogplasing, oprig van toerusting, klank en ander effekte op die verhoog (6)

5.7 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n duidelike begrip, analise en evaluering van die storielyn, temas en relevansie vir 'n hedendaagse gehoor toon.

...TMENT OF BASIC EDUCATION
...VATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

Die volgende is 'n riglyn:

**Storielyn:**

- Dit is die jaar 2000. Dit is belangrik omdat dit die begin van 'n nuwe millennium en ook 'n nuwe begin vir die Makhaya-familiedinamiek is
- Sipho en Thando wag vir Mandisa om uit Londen met Themba se liggaam/ lyk aan te kom. In plaas daarvan kom sy met 'n urn met as
- Sipho is ontsteld omdat hy tradisioneel daaraan gewoond is dat 'n liggaam begrawe word en nie veras word nie
- Sipho het Themba vergewe en dit verlos hom van die las van bitterheid. Ons kan uit sy optrede en keuse leer en dieselfde beginsels en optrede op ons eie lewens toepas om ons te bevry en nuwe hoop te gee
- Sipho beplan om 'n nuwe, onafhanklike Afrika- openbare biblioteek oop te maak wat die status van Afrikane en Afrikaletterkunde sal verhoog. Dit gee Sipho selfvertroue en trots. Alle Suid-Afrikaners kan Sipho se voorbeeld gebruik om 'n beter toekoms met hoop en sukses vir hulleself te skep deur te bou, te werk en te leer
- Die sosiopolitieke omgewing is die nuwe Suid-Afrika, tog kyk die toneelstuk ook terug na die verlede en apartheid en die effekte daarvan op die karakters in die toneelstuk. Dit leer almal oral dat daar behoefte aan persoonlike en sosiopolitieke genesing en vryheid is
- Sipho Makhaya is 63 jaar oud en die Assistent-hoofbibliotekaris by die Port Elizabeth Openbare Biblioteek. Hy kom terug van die werk af en verwag die aankoms van sy oorlede broer Themba se liggaam. Hierdie angstigheid sal by baie mense aanklank vind
- Thando Makhaya is Sipho se dogter. Sy is 'n onderwyseres en werk ook by die WVK. Sy kom tuis en vra haar pa uit oor Themba. Sipho ontwyk die vrae. Mense vermy dit dikwels om moeilike vrae te beantwoord

**Temas:**

**Waarheid en Versoening:**

- Hierdie tydraamwerk waartydens die teks geskryf is sluit die WVK-verhore in en dit is universeel belangrik ten opsigte van waarheid en versoening
- Ons behoefte aan liefde, 'n beter lewe, waarheid, hernieude en gesonde verhoudings is sentraal tot hierdie voorbeeld van Versoeningsteater

**Vryheid en Vergifnis:**

- Die toneelstuk weerspieël Sipho se bitterheid wat uiteindelik verander in die vergifnis van Themba en die vryheid wat dit bring
- Deur versoening word Sipho genees van onregverdighede wat in die verlede gebeur het. Hy kan met sy lewe aanbeweeg

**Familie:**

- Familiekwessies is die kern van die intrige. Sipho steek die moontlikheid dat Thando Themba se dogter kan wees, weg
- Mandisa (beteken byvoeging) se aankoms met Themba se as en haar aansluiting by die familie in Port Elizabeth is 'n katalis vir die ontwikkeling van die intrige juis omdat sy Themba se as saam met haar bring
- Die familie van Makhaya beteken 'van die huis' en dit lê klem op die tema van familie aangesien hierdie toneelstuk 'n huisdrama is

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Relevansie vir 'n hedendaagse gehoor:**

- Ons kan vandag aansluiting vind by die familie, hulle stryd en struikelblokke omdat die familiekwessies herkenbaar en universeel is
- Sipho hou ons aan 'n lyntjie om die waarheid te weet omdat ons vermoed hy steek iets weg. Die gehoor is nuuskierig oor die geheim omdat dit menslik is om belang te stel en in ander mense se lewens te snuffel
- Ons wil 'n beter lewe vir Sipho persoonlik en professioneel hê omdat hy gedurende apartheid so gely het. Die meerderheid Suid-Afrikaners het tydens apartheid gely en kan steeds by die kwessie aansluiting vind
- Ons het empatie met Thando en Mandisa wat wil wegbreek van ouerlike beheer en Johannesburg (en moontlik Londen) toe gaan. Ons almal het al een of ander vorm van rebellie teen gesag ondervind
- Meedinging tussen broers en susters is steeds 'n dinamiek in baie families en word gesien in die verhouding tussen die twee broers, Sipho en Themba. Sipho voel Themba was altyd sy ouers se gunsteling kind

(10)
**[40]**

**VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE**

6.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis van die verhoogtipe van Realisme in die Teater toon.

Ken volpunte toe vir EEN korrekte antwoord.

**Die verhoog is:**

- 'n Prosceniumboog-verhoog
- 'n Prentjieraam-verhoog

(2)

6.2 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis van die Realisme in Teater-dekorstel vir hierdie produksie toon.

Die volgende is 'n riglyn:
**Die dekorstel is:**

- 'n Presiese replika van 'n tipiese gastehuis aan die Weskus van Suid-Afrika
- Boksstel
- Relevante meubels en rekwisiete

(2)

6.3 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis van die toneelteks en Realisme in die Teater toon.

Ken volpunte toe vir:

- Ses rekwisiete/ meubelitems

Die volgende is 'n riglyn:
**Meubels en rekwisiete kan insluit:**

- 'n Besem
- 'n Tafel
- Stoele
- 'n Koffietafel

…TMENT OF BASIC EDUCATION
…ATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 2 2
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

- 'n Sylampie
- 'n Emmer
- 'n Mop
- Skoonmaakmiddels

Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en toepassing van die toneelstuk asook blok, tegniese elemente en akteur-gehoor-verhouding toon.

Ken volpunte toe vir:

Slegs as die kandidate al drie aspekte bespreek het

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/ idees (6)

6.4 Die volgende is 'n riglyn:

**Blok:**
- Thami gaan op die verhoog
- Thami neem die besem en begin vee
- Hy stap na die tafel en skryf 'n brief vir sy vrou
- Johan kom in

**Tegniese elemente:**
- Klank van seemeeue wat raas word in die verte gehoor
- Klank van golwe wat breek van die see af
- Klank van ‘n seeklok wat lui in die agtergrond

**Akteur-gehoor-verhouding:**
- Ouditoriumligte gaan af en trek die gehoor in die wêreld van Garnet Lodge in
- Die verhoogdekorstel is realisties. Dit maak dit vir die gehoor maklik om met die omgewing wat op die verhoog geskep is, te identifiseer (6)

6.5 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat begrip, analise en evaluering van elke karakter toon.

Ken volpunte toe vir:
- Agt aparte gedagtes/ ideeste

Beide karakters moet bespreek word om volpunte te kry

Die volgende is 'n riglyn:

**Naam:**
- Thami

**Agtergrond:**
- Hy is getroud
- Hy kom van die Oos-Kaap en sy vrou en familie woon daar

**Karaktertrekke:**
- He is ambisieus
- Hy gee vir sy vrou om
- Hy is desperaat om 'n lewe te maak
- Hy jok vir sy vrou

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Verhouding met Johan:**
- Hulle is vreemdelinge wat 'n droom/ doelwit deel

**Naam:**
- Johan

**Agtergrond:**
- Hy het vir die apartheidspolisie gewerk
- Hy het alles verloor (sy werk, sy gevoel van behoort in die samelewing en sy selfwaarde)

**Karaktertrekke:**
- Hy is desperaat vir vriendskap en om by die nuwe Suid-Afrika in te pas
- Hy het probleme met woede wat met sy vorige ervarings verband hou
- Hy wil vergifnis hê vir sy wrede en gewelddadige optrede

**Verhouding met Thami:**
- Hulle is vreemdelinge wat 'n gedeelde droom/doelwit het (8)

6.6 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en toepassing van die funksie van die verhoogbestuurder, verhoogpersoneel en tegniese personeel toon.

Ken volpunte toe vir:
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Verhoogbestuurder:**
- Koordineer die tegniese span
- Oorsien die produksie wanneer die vertoning begin
- Bestuur die produksie sodra die regisseur se verantwoordelikhede voltooi is
- Koordineer die tegniese span
- Organiseer die gladde verloop van die opvoering
- Bestuur die inkom en uitgang van karakters
- Koördineer alle agterverhoogaktiwiteite
- Kommunikeer met die regisseur
- Hou kontakte die geselskap en die personeel

**Verhoogpersoneel:**
- Bou en plaas dekorstelle en takel verhoog af
- Verhooghulp
- Berei verhoog vir elke toneel voor
- Maak seker alle vereiste rekwisiete is beskikbaar
- Maak skoon/ mop/ en vee die verhoog na elke vertoning`

**Tegniese personeel:**
- Verdoof ouditoriumligte
- Is verantwoordelik vir alle beligting, ontwerp, uitstippeling, verhoogplasing, inrig van toerusting,klank en ander effekte op die verhoog

(6)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 2 2
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

6.7 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat duidelike begrip, analise en evaluering van die storielyn, temas en relevansie vir 'n hedendaagse gehoor toon.

Die volgende is 'n riglyn:

**Storielyn:**

- Thami en Johan werk by die gastehuis en beplan om ryk te word deur by 'n diamantskema in te koop. Smith se aankoms gee Johan die idee om geld uit hom te kry vir sy en Thami se besigheidskema
- Die opbou van spanning word gesien wanneer Johan verskillende taktieke gebruik om Thami te kry om saam hom in die diamantkonsessie in te gaan en die geld by Smith te kry
- Daar is persoonlike spanning tussen Johan en Thami. Dit veroorsaak dat die dramatiese spanning opbou omdat hulle verskillende behoeftes het
- Daar is wantroue tussen die drie karakters. Hulle is van verskillende agtergronde, klasse en het verskillende lewenservarings en daar is dikwels misverstande tussen hulle
- Johan besluit om 'n mes uit te haal en Smith te dreig
- Smith verlaat die gastehuis en raak so ontslae van die spanning wat binne Garnet Lodge ontstaan het
- Johan en Thami baklei oor die mesinsident. Hierdie argument en die uiteindelike oplossing verander die verhouding tussen Thami en Johan. Thami wil nie meer in 'n vennootskap met Johan wees nie
- Thami dui aan dat hy dalk teruggaan na die Oos-Kaap omdat hy alreeds diamante weggesteek het. Johan besef die tjek is waardeloos sonder Smith se goedkeuring. Dit lei tot die finale resolusie dat hy nie deel van die samelewing sal kan word deur 'n diamantkonsessie te koop nie

**Temas:**

**'n Onopgeloste verlede:**

- Onder die oppervlakinteraksies van die karakters, is daar gevoelens en ervarings, die storms van die verlede, wat hulle nie toelaat om ooreenkomste of gemaklikheid met mekaar te vind nie
- Alhoewel die politiek en regering van die land vir meer as dertig jaar verander is sien ons dat wanneer sekere sensitiewe kwessies ter sprake kom, ou verdelings ontsellend na aan die oppervlak lê

**Behoort en Identiteit:**

- Die drie mans se lewens is deur die apartheidsera gevorm en gedefinieer
- Daar is geen fisiese rede waarom Johan en Thami nie kan beplan om bure te wees nie
- Die struikelblokke is intern, emosioneel en sielkundig
- Elke man probeer uitvind wie hy in die nuwe Suid-Afrika is en hoe hy daar inpas

**Skuld, beskuldigings en redding/ oplossing:**

- Johan beskuldig Mr Smith dat hy voordeel uit apartheid en Johan se polisiëring van die townships getrek het
- Hy beskuldig hom dat hy sy skuld in hierdie sake ontken en homself ook die geleentheid op redding ontneem
- 

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

- Hierdie beskuldigings is so effektief in die aksie van die toneelstuk verweef dat dit aanvanklik voorkom asof dit slegs manipulering is wat op Smith gerig is om geld uit hom te kry
- Dit is slegs later in die toneelstuk, wanneer ons Johan se eie skuldlas ontdek dat ons agterkom hoe ernstig hulle werklik is

**Relevansie vir 'n hedendaagse gehoor: ('n moet-sien-produksie)**

- 'n Hedendaagse gehoor sou ook probeer om uit te vind wie ons is in hierdie nuwe wêreld. Dit is menslike natuur. Net soos Mr Smith, wat 'n nuwe lewe in aftrede soek, is Johan ietwat verlore en Thami is vasbeslote om sy familie se lewens te verbeter
- In die 2020's kan ons, net soos die karakters, op baie vlakke skuldig voel, soos gesien by Mr Smith wanneer hy beskuldig word dat hy uit apartheid voordeel getrek het. Ons moet hierdie skuld erken, uit die verlede leer en die lesse in die toekoms inneem om dinge beter te maak
- Ons kan dalk ook 'storms' van die verlede ervaar wat ons nie sal toelaat om ooreenkoms of gemak by mekaar te vind nie, soos gesien in die verhouding tussen Johan en Thami. Ons, as Suid-Afrikaners in 2023 moet steeds hierdie storms, bv. rassisme, diskriminasie, apartheid, vooroordeel en stereotipering, oorkom.
- Ons moet gesensitiseer word vir die feit dat meeste wit Suid-Afrikaanse burgers nie uit apartheid voordeel getrek het nie en dat ons hiervan bewus moet wees om saam te werk. Ons moet empatie en nederigheid toon om die wanbalanse van die verlede reg te maak (10)

**[40]**

...MENT OF BASIC EDUCATION
...VATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 7: *MIS* – REZA DE WET**

7.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis van die verhoogtipe Realisme in die Teater toon.

Ken volpunte toe vir EEN korrekte antwoord.

Die verhoog is:
- 'n Prosceniumboog-verhoog
- 'n Prentjie-raam verhoog (2)

7.2 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis van die Realisme in Teater- dekorstel vir hierdie produksie identifiseer.

Die volgende is 'n riglyn:
**Die dekorstel is:**
- 'n Presiese replika van 'n kombuis en die inhoud wat armoede uitbeeld
- Boksstel
- Relevante meubels en rekwisiete (2)

7.3 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis van die toneelteks en Realisme in die Teater/Magiese Realisme uitbeeld.

Ken volpunte toe vir:
- Ses rekwisiete/ meubelitems genoem

Die volgende is 'n riglyn:
**Meubels en rekwisiete kan insluit:**
- 'n Ou tafel
- Stoele
- 'n Koolstoof
- 'n Tafel met 'n oliekleed
- 'n Hoederak
- 'n Bank
- 'n Kombuiskas
- 'n Olielamp
- Goiingsakke (6)

7.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en toepassing van die toneelstuk asook blok en tegniese elemente toon.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Blok:**
- Miem staan op en loop na Meisie toe
- Meisie bly by die tafel sit
- Meisie werk met 'n naald en garing
- Miem loop na die venster

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Tegniese elemente:**
- Die ouditoriumligte verdof en dit word donker
- Die gordyne maak oop
- Die ligte op die verhoog word dof
- Die ligte fokus op Meisie en Miem wat by die tafel sit
- Sirkusmusiek word in die agtergrond gehoor
- Die klank van die wind wat waai, word gehoor
- Die gekrap van die takke op die dak word gehoor
- 'n Hond wat blaf, word gehoor

**Akteur-Gehoor-verhouding:**
- Ouditoriumligte gaan af en trek die gehoor in die wêreld van die toneelstuk in
- Die verhoogdekorstel is realisties. Dit maak dit vir die gehoor maklik om met die omgewing wat op die verhoog geskep is, te identifiseer (6)

7.5 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat begrip, analise en evaluering van elke karakter toon.

Ken volpunte toe vir:
- Agt aparte gedagtes/ idees

Beide karakters moet bespreek word om volpunte te kry

Die volgende is 'n riglyn:

**Naam:**
- Konstabel van der Riet

**Agtergrond:**
- Al die inligting wat Konstabel oor homself gee, is leuens
- Hy maak asof hy van die polisie is
- Hy kom moontlik van die sirkus

**Karaktertrekke:**
- Hy is geheimsinnig
- Hy is tussen 30 en 40 jaar oud
- Hy maak asof hy blind is
- Hy is manipulerend
- Hy misbruik al die swak punte van die ander karakters
- Hy bring die idee van potensiële bevryding na die ander karakters
- Hy is 'n biegvader vir Meisie
- Hy ken al die Afrikaner-tradisies

**Verhouding met Meisie:**
- Hy gee Meisie die geskenk van bevryding

**Naam:**
- Meisie

**Agtergrond:**
- Sy is Miem se dogter
- Sy maak die hele dag lank goiingsakke
- Sy het nie vriende nie
- Sy word deur haar moeder gedomineer/sy is onderdanig aan haar ma
- Sy verlang na 'n vader in haar lewe

**Karaktertrekke:**
- Sy is 'n rebel
- Sy beleef interne konflik oor haar lewensomstandighede
- Sy is 'n dromer en 'n re en streef om weg te kom van Afrikaner-Calvinisme
- Sy gaan nie uit nie
- Sy maak asof sy aan Miem onderdanig is
- Sy wil 'n beter lewe hê

**Verhouding met Konstabel:**
- Sy beskou hom as as 'n persoon na wie toe sy kan ontsnap
- Sy wil saam hom wees (8)

7.6 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en toepassing van die funksie van die verhoogbestuurder, verhoogpersoneel en tegniese personeel toon.

Ken volpunte toe vir:
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:
- **Verhoogbestuurder:**
- Koordineer die tegniese span
- Oorsien die produksie wanneer die vertoning begin
- Bestuur die produksie sodra die regisseur se verantwoordelikhede voltooi is
- Organiseer die gladde verloop van die opvoering
- Bestuur binnekomste en verlatings
- Koördineer alle agterverhoogaktiwiteite
- Kommunikeer met die regisseur
- Hou kontakte van die geselskap en die personeel

**Verhoogpersoneel:**
- Bou en plaas dekorstelle en takel verhoog af
- verhooghulp
- Berei verhoog vir elke toneel voor
- Maak seker alle vereiste rekwisiete is beskikbaar
- Maak skoon/ mop/ vee die verhoog na elke vertoning

**Tegniese personeel:**
- Verdoof ouditoriumligte
- Is verantwoordelik vir alle beligting, ontwerp, stel van ligte, verhoogplasing, inrig van toerusting, klank en ander effekte op die verhoog (6)

7.7 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat duidelike begrip en analise van die storielyn, temas en relevansie vir 'n hedendaagse gehoor toon.

Die volgende is 'n riglyn:

**Storielyn:**
- Aan die begin sit Miem en haar dogter Meisie aan weerskante van die tafel besig om goiingsakke vir die mis te maak
- 

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

- Dit word duidelik die vader van die huis bly in die solder. Dit dwing die vroue om mis te verkoop om 'n lewe te maak
- Die gesin woon in 'n klein huisie aan die buitewyke van 'n klein dorpie
- Gertie, Miem se vriendin, kom aan om oornag te bly as gevolg van die bedreiging van die sirkus wat in die dorp aangekom het en die moontlikheid dat 'n jong meisie ontvoer kan word
- Die motoriese moment is wanneer Miem vir Konstable in die huis laat inkom
- Konstabel buit die swakhede van die drie vroue uit
- Nog vrae word oor Gabriel wat op die solder woon, gevra
- Die sirkus kom op die dorp aan en daar is die moontlikheid dat 'n jong meisie ontvoer sal word
- Spanning bou stadig op wanneer Konstabel 'n appel uithaal en dit op die tafel neersit
- Konstabel draai sy baadjie binnestebuite en verskyn nou as 'n Pierrot
- Meisie verskyn in haar wit rok en Konstabel maak die deur en venster oop sodat die sirkusmusiek gehoor kan word
- Konstabel dring aan dat sy dans en die huis deur die agterdeur verlaat

**Temas:**

**Bevryding:**

- Die tema van bevryding is duidelik in hierdie toneelstuk. Konstabel bied die moontlikheid van vryheid en bevryding van hulle onderdrukkende omstandighede aan die vroue
- Die Afrikaner moet die keuse van vryheid vir hulleself maak

**Afrikaner-Calvinisme:**

- Afrikaner-Calvinisme met sy dogma en reëls is vandag steeds met ons
- Die Afrikaner moet op 'n nuwe manier na die lewe kyk
- Dit is nie sonde om die plesier van die lewe te geniet nie
- Skuldgevoelens is teenproduktief as dit nie opgelos word nie

**Relevansie vir 'n hedendaagse gehoor:**

- Die gehoor empatiseer met die toestand van die karakters en wil hê dat hulle uit hulle isolasie en beperking van hulle situasie bevry moet word
- Daar is gevaar buite die huis. Dis 'n scenario wat aan die gehoor bekend is omdat ons land vol misdaad is
- Die seksuele spanning wat Konstabel met al drie vroue skep, hou die gehoor geïnteresseerd en kan dalk deur lede van die gehoor ervaar word
- Die verdwyning van iemand is 'n gebeurtenis wat dikwels in vandag se samelewing gebeur
- Drome van bevryding kan in die gedagtes van die gehoor wees. Die gehoor kan dalk sien dat dit moontlik is om van die reëls en regulasies bevry te word
- Baie Afrikaners word dalk steeds deur streng dogmatiese godsdienstige Calvinistiese reëls en gedagtes onderdruk. Hierdie individue kan vryheid van hierdie onderdrukkende toestand vind
- Calvinistiese Afrikaners glo hulle moet binne streng emosionele en fisiese beperkinge leef. Die gehoor kan sien dat hierdie mense 'n alternatiewe lewenswyse kan vind. 'n Lewe van geleenthede en vreugde
- Streng dogmatiese Calvinisme het 'n vrees vir die nuwe, die vreemde en enigiets anders as wat bekend is by mense laat ontstaan. Die gehoor kan sien dat onderdrukte Afrikaners nuwe maniere om te dink, voel en leef kan vind. (10)

**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 2 2
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

### VRAAG 8

8.1 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n vermoë om die geskiedenis en die styl vir 'n Arm/ Gestroopte Teater-opvoering te analiseer en evalueer.

Ken volpunte toe vir
- Vyf goed gemotiveerde stellings
- Tien aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Wat is Arm/ Gestroopte Teater?**
- Arm/ Gestroopte Teater is 'n vorm van teater wat deur Jerzy Grotowski, 'n Poolse teatermaker geskep en ontwikkel is. Hy het geglo dat indien teater nie met films of 'Ryk Teater' kon meeding nie, dan moet dit 'Arm/ Gestroop' word deur die eliminasie van al die onnodige elemente

**Via Negativa:**
- Die akteur stroop al die onnodige emosies, fisiese en sielkundige elemente wat dalk 'n doeltreffende opvoering kan voorkom

**Die Heilige Akteur:**
- Die akteur maak 'n 'opoffering' van hulleself vir die voorbereiding en opvoering van 'n Arm/ Gestroopte Teater-toneelstuk
- Intensiewe en soms ondraaglike voorbereiding (bv. sonder kos te gaan/ naak te wees/ ervaar fisiese pyn en swaarkry asook intense dissipline) kan 'n integrale deel van die voorbereiding vir 'n opvoering wees
- Toneelspel word as 'n spirituele/ geestelike ervaring beskou
- Mimiek, Fisiese Teater en Beweging kan gebruik word om die innerlike lewe en ervaring van 'n karakter uit te druk

**Akteur oefeninge:**
- Die akteur moet intensief oefen om die vlak van uitdrukking te bereik wat vir hierdie opvoeringstyl vereis word
- Bv: 'The Tiger'-oefening bevry die keelklank en konnekteer die stem met die liggaam soos wat akteurs handeviervoet beweeg en aan mede-akteurs sê: 'Ek is die tier en ek sal jou opeet!'
- Bv: 'The Cat' is 'n joga-oefening om die ruggraat en spiere te versterk en om geanker te voel
- Bv: Skouerstande ('Shoulder Stands') stel akteurs in staat om met pynlike fisiese struikelblokke deur te druk en dit op hulle toneelspel toe te pas
- Bv: Plastiques wat begin met isolasie van dele van die liggaam bv: die gewrig/ hand/ elmboog/ ens. Ontwikkel die dele in rotasies of buiging. Van daar word moontlike bewegings ontgin
- Akrobatiek; liggaamsaksies of beweging wat gekarakteriseer word deur sielkundige, psigologiese en fisiese soepelheid/ krag/ uithouvermoë

**Akteur-gehoor-verhouding:**
- Arm/ Gestroopte Teater fokus op die eliminering van die verdeling tussen die akteur en die gehoor
- Die intimiteit van die akteur-gehoor moedig introspeksie by die gehoor aan
- In *Dr Faustus* deur Christopher Marlowe, sit die gehoor aan die tafel waar Faustus sy laaste maal eet

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE

- *Kordian,* Juliusz Slowacki, vind plaas in 'n gestig en die gehoor word inwoners/ pasiënte
- Die gehoor word deel van die aksie en teaterervaring
- Toeskouer: die gehoor is deel van die skepping/ maak van die betekenis (10)

8.2 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis en begrip van teaterterme toon

Ken volpunte toe vir:
- Een stelling vir elke definisie OF
- Twee aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn.

8.2.1 **Improvisasie:**
- Akteurs maak 'n toneelstuk/ tonele/ woorde/ aksies/ beweging/ gebare/ vokale opsies ens. op in die oomblik
- Kan spontaan of voorbereid wees (2)

8.2.2 **Mimiek:**
- Die akteur is die instrument van uitdrukking
- Die akteur maak die onsigbare wêreld sigbaar deur die gebruik van outentieke gesigsuitdrukkings, gebare en beweging (2)

8.2.3 **Fisieke teater:**
- Akteurs gebruik hulle liggame en beweging en ook hulle stemme om 'n storie te vertel of op te tree
- Is energiek, lewendig en uitdrukkingsvol
- Fisiese teater kan na die fisiese teatergebou verwys (2)

8.2.4 **Opvoerruimte:**
- Enige funksionele, geskikte en veilige tradisionele of ruimte gevind wat deur akteurs gebruik word om op te voer/ op te tree
- Lede van die gehoor omring die aksie om na die opvoering te kyk (2)

8.2.5 **Omgewingsteater:**
- 'n Teatervorm wat op die beklemtoning van omgewingskwessies(probleme en oplossings) gerig is
- Kan gehore inlig, opvoed en motiveer om die omgewing te red (2)

**[20]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 9**

Verwys na die aantekeninge hieronder en om jou nasien toe te lig.

9.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat die kandidaat se vermoë om persoonlike ervarings tydens hulle Dramatieskunste-klasse te analiseer en te evalueer,
te weerspieël. Hierdie antwoord kan baie vorms aanneem, bv. aantekeninge, spinnekopdiagram, tekening, skets.

Ken volpunte toe vir
- Tien aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Aantekeninge kan die volgende inligting insluit, maar kan ENIGE ANDER relevante en korrekte inligting uit die kandidaat se eie gedagtes (denke) en**
**eie ervaring van Dramatiese Kunste insluit:**

**Ek dink en ervaar bv.:**
- Leer oor die geskiedenis van die teater en sosiopolitieke kwessies
- Begrip van hoe toneelstukke op die verhoog werk
- Leer oor die menslike toestand deur studie en opvoer van toneelstukke, poësie en
- uittreksels
- Met ander interaksie te hê wanneer dit moeilik is om dit te doen
- Leer kommunikasievaardighede
- Haal spertye vir navorsing en praktiese opvoerings
- Memoriseer woorde
- Tree voor ander mense op
- Kry kritiek by ander mense
- Oorkom vrese en optrede-angs
- Selfvertroue het vermeerder
- Het pret en wees kreatief
- Wees 'n 'drama queen'
- Oorkom 'n geboelie of spot deur ander in die klas
- Leer vokale en fisiese vaardighede vir optrede en vir die lewe
- Werk in 'n span en ook individueel

**(Moet nie kandidate krediet gee wat direk uit die bron as antwoord aanhaal nie.**
**Nogtans, wanneer 'n kandidaat kennis en begrip toon van elk van die opskrifte in die bron moet punte toegeken word)** (10)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

9.2 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n vermoë om DRIE gedagtes oor persoonlike ervarings gedurende hulle Dramtiesekunste-klasse te bespreek/ analiseer/ evalueer/ weerspieël/ bedink. Sien holisties na.

Die volgende is 'n riglyn:

**Kandidate moet DRIE gedagtes van hulle EIE ervarings van Dramatiese Kunste kies, bv.:**

- Ek leer oor die geskiedenis van die teater en wat in 'n spesifieke tydperk gebeur het en hoe dit vandag steeds relevant is
- Ek verstaan hoe toneelstukke op die verhoog werk en hoe dit jou in staat stel om kreatiewe ontdekking te doen
- Ek leer oor die menslike toestand deur die studie en opvoer van toneelstukke, poësie en uittreksels en het dit met ons eie lewens vergelyk
- Ek het met ander mense interaksie gehad al was dit moeilik om dit te doen. Om in 'n groep saam te werk, mekaar konstruktief te kritiseer en op mekaar te steun wanneer tonele wat meer as een mens verg, opgevoer word, het my ekstra vaardighede gegee
- Ek het kommunikasievaardighede ontwikkel omdat ek saam ander moes werk en voor hulle moes optree (gehoor en klasmaats)
- Ek het spertye gehaal vir navorsing en praktiese opvoering en dit het tot beter tydsbestuur gelei
- Ek het geleer om woorde te memoriseer wat dissipline verg om die teks oor en oor te lees met begrip en betekenis
- Ek het geleer om voor ander mense op te tree wat my selfvertroue 'n hupstoot gegee het
- Ek kan nou kritiek van ander mense ontvang en geleer om dit nie persoonlik op te neem nie. Dit het gehelp met persoonlike groei
- Ek het vrese en optredeangs oorkom
- Ek het 'n geboelie en gespot deur ander in die klas oorkom. Dit het tot beter selfagting en groei van my selfvertroue gelei
- Ek het vokale en fisiese vaardighede vir optrede en vir die lewe na skool geleer

(10)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## BYLAE A: RUBRIEK VIR VRAAG 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8 en 9: 10 PUNTE

Nasieners moet opgelei word oor hoe om al ses die kognitiewe vlakke asook die vier denkprosesse te gebruik en toe te pas om die kandidaat se prestasie te meet.

| BESKRYWER | PUNT | DIE KANDIDAAT TOON 'N VERMOË OM |
|---|---|---|
| **Uitstaande**<br><br>**Metakognitiewe Denke oor Kennis**<br><br>**Skep** | 9–10 | • **Kognitiewe vlakke en denkproses:** Verander, lewer opnuut 'n uitstaande vlak met denke op 'n metakognitiewe vlak<br>• **Die antwoord:** Skep, kontekstualiseer en gee 'n antwoord op 'n oorspronklike wyse en op 'n uitstaande vlak<br>• **Voorbeelde:** Verskaf en evalueer 'n uitgebreide reeks insiggewende teoretiese en estetiese voorbeelde |
| **Verdienstelik**<br><br>**Proseduriële-Denke oor Kennis**<br><br>**Evalueer** | 7–8 | • **Kognitiewe vlakke en denkproses:** Evalueer en kom tot gevolgtrekking op verdienstelike vlak met denke op 'n prosedurevlak<br>• **Die antwoord:** Ondersoek, kontekstualiseer en gee 'n interessante antwoord op 'n oorspronklike manier op 'n verdienstelike vlak<br>• **Voorbeelde:** Verskaf analise van 'n wye reeks insiggewend gekose teoretiese en estetiese voorbeelde |
| **Gemiddeld**<br><br>**Konseptuele Denke oor Kennis**<br><br>**Analiseer** | 5–6 | • **Kognitiewe vlakke en denkproses:** Doen navraag, kontrasteer op gemiddelde vlak met denke op 'n konseptuele vlak<br>• **Die antwoord:** Ondersoek, kontekstualiseer en gee 'n antwoord op 'n gemiddelde vlak<br>• **Voorbeelde:** Verskaf en ondersoek voorbeelde |
| **Elementêr**<br><br>**Feitelike Denke oor Kennis**<br><br>**Toepas** | 3–4 | • **Kognitiewe vlakke en denkproses:** Identifiseer, organiseer en interpreteer op 'n elementêre vlak met denke op 'n feitelike vlak<br>• **Die antwoord:** Verstaan en gee 'n reguit en voorspelbare antwoord op 'n elementêre vlak<br>• **Voorbeelde:** Verskaf 'n paar voorbeelde |
| **Behaal**<br><br>**Feitelike Denke oor Kennis**<br><br>**Verstaan/Begrip** | 1–2 | • **Kognitiewe vlakke en denkproses:** Identifiseer en noem op 'n basiese vlak met basiese denke op 'n feitelike vlak<br>• **Die antwoord:** Verstaan en verskaf 'n antwoord met 'n paar reguit basiese feite<br>• **Voorbeelde:** Verskaf verkeerde voorbeelde of onvermoë om voorbeelde te verskaf |
| **Nie behaal nie**<br><br>**Feitelike Denke oor Kennis**<br><br>**Onthou** | 0 | • **Kognitiewe vlakke en denkproses:** Geen identifikasie of noem nie en sonder denke<br>• **Die antwoord:** Geen begrip van die vraag en verskaf feite wat nie met die vraag verband hou nie<br>• **Voorbeelde:** Verskaf geen voorbeelde nie |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## BLOOM SE TAKSONOMIE

**Klassifiseringstelsel om verskillende vlakke van mensekennis te definieer en te onderskei**

Nasieners moet opgelei word oor hoe om al ses die kognitiewe vlakke asook die vier denkvlakke te gebruik en toe te pas om kandidate se prestasie te meet.

| DIE KENNIS-DIMENSIE 4 DENK-PROSES-VLAKKE | ↓ → | DIE KOGNITIEWEPROSES-DIMENSIE: 6 KOGNITIEWE VLAKKE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **Onthou** | **Verstaan** | **Toepassing** | **Ontleding** | **Evaluering** | **Skep** |
| | **Feitelik** | Noem | Opsom | Reageer | Kies | Gaan na vir | Ontwikkel |
| | **Konseptueel** | Herken | Klassifiseer | Verskaf | Onderskei | Bepaal | Stel saam |
| | **Prosedure** | Herroep | Verklaar | Uitvoer | Integreer | Beoordeel | Ontwerp |
| | **Metakognitiewe** | Identifiseer | Voorspel | Gebruik | Dekonstrueer | Besin | Skep |

| **1. Onthou** | |
|---|---|
| Herwin gememoriseerde inligting, kennis, feite, definisies, lyste, konvensies, neigings, reekse, klassifikasies, kategorieë, kriteria, metodologie en maniere/wyses om met spesifisiteite van die universele, abstraksiebeginsels, veralgemenings, teorieë en struktuur te hanteer | |
| **Noem** | Spesifiseer (tyd of plek) as iets gewens, voorgestel of op besluit word<br>Om te identifiseer, spesifiseer of by naam noem |
| **Identifiseer** | Om 'n probleem, behoefte, feit, ens. te herken en te toon wat dit is en dat dit bestaan<br>Om te bewys wie of wat iemand of iets is |
| **Kies** | Kies noukeurig, bepaal of besluit dat dit die beste of geskikste is |

| **2. Verstaan** | |
|---|---|
| Konstrueer betekenis uit verskillende tipes kennis, organiseer, vergelyk, vertaal, interpreteer en haal uit | |
| **Verduidelik** | Maak iets duidelik, maklik om te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul.<br>Gee 'n rede om te regverdig of te verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) |
| **Beskryf** | Om 'n gedetailleerde beskrywing van iets te gee, te vertel, te beskryf, uit te druk |
| **Motiveer** | Gee 'n rede, bied feite en argumente aan om iets te ondersteun, noem iets |

| **3. Toepassing** | |
|---|---|
| Om 'n prosedure uit te voer, te implementeer of te gebruik om 'n probleem in 'n nuwe situasie op te los of te ontwikkel deur toepassing van verworwe kennis, feite, reëls, tegnieke | |
| **Voorstel** | Lei tot, argumenteer, toon, wys, dui aan dat (iets) bestaan of die geval is<br>Vir oorweging voorstel<br>Om 'n idee, moontlike plan of aksie aan ander mense te noem vir oorweging<br>Om 'n idee uit te dink/voort te bring |

| **4. Ontleding** | |
|---|---|
| Breek inligting in dele op. Bepaal hoe die dele verwant is deur identifisering, onderskeiding of organisering van elemente, verhoudings, beginsels, motiewe, doelwitte of oorsake. Maak afleidings/gevolgtrekkings en vind bewyse om veralgemenings te ondersteun. | |
| **Reageer/Antwoord** | Antwoord/Reageer in woorde |
| **Bespreek** | Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg dit |
| **Skryf** | Skryf, stel saam, produseer |
| **Ontleed** | Ondersoek iets metodies en in besonderhede, tipies om te ontdek, te verduidelik en te interpreteer |
| **Oorweeg** | Dink aandagtig oor iets, tipies voordat 'n besluit geneem word of 'n oordeel/keuse gemaak word |

| **5. Evaluering** | |
|---|---|
| Om opinies/menings aan te bied en te verdedig deur oordele oor inligting, geldigheid van idees, of gehalte van werk te maak gebaseer op 'n stel kriteria en standaarde met behulp van kontrolering/nagaan en kritiek | |
| **Evalueer** | Om die betekenis/belangrikheid, waarde, doel of toestand van iets deur noukeurige waardebepaling en studie te bepaal, te beoordeel, ten einde te verstaan/begryp, te interpreteer of te lei |

| **6. Skep** | |
|---|---|
| Gebruik kreatiewe individuele insig en gedagtes om inligting te herorganiseer en saam te stel deur die ontwikkeling, beplanning en skep van 'n nuwe patroon, produk of struktuur | |
| **Skep** | Ontwikkel uit eie denke of verbeelding, as 'n kunswerk, 'n uitvinding of iets nuuts<br>Gee aanleiding tot ontstaan/oorsprong |

Kopiereg voorbehou

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION